Ons grootste begeerte in die lewe is nie om gelukkig te wees nie, selfs nie om vrede te hê nie – ons grootste begeerte in die lewe is om vry te wees en liefde te ervaar.

Mag hierdie vir jou ‘n reis wees na ‘vryheid in Christus’. Mag jy ontdek dat jou posisie in Christus is en nie in die eerste Adam nie!

Oorweeg dit: Hoekom ‘vas’ (gee iets op) jy nie vir hierdie 28 Dae nie? Dink aan iets in jou lewe wat moeilik is om te los m.a.w. wat oor jou heers, en gee dit op vir een maand lank.
Ek bid saam met jou dat die Here jou ‘n vry mens sal maak.

Danie Lodder
www.dei-gratia.org.za

Dei Gratia
`n `Journey' van Genade

Deel 1: Dagstukkies vir 28 Dae
Deel 2: Kleingroep riglyne en vrae

Waar is ek? Week 1, Dag 1

Die Sonde 'Issue' of probleem

ONS KYK MET NUWE OË:

Ons kan sonde nie hanteer en self ooit wen nie – ons roep saam Paulus uit: ***Rom. 7:15 [NLV] "Ek verstaan my eie doen en late glad nie. Wat ek graag wil doen, laat ek na, maar wat ek verafsku, juis dit doen ek."*** Ons verstaan dat dit 'n uitroep was wat ons in die rigting van die antwoord daarop neem. Die antwoord is dat Christus 'n prys kom betaal het om ons vanuit hierdie ellendige toestand te red en dat ons bewustheid en geloof moet verander.

Vir te lank het ons in die bewustheid van sonde geleef. Geleef asof ons in 'n verlore toestand is, selfs nadat Christus 'n enorme prys vir ons betaal het. Vandag begin ons deur vir eens en vir altyd die sonde issue af te handel***. 1 Joh. 1:9 [NLV] "As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig."***

Dit begin by wat jy glo. As jy glo dat jy 'n slaaf van sonde is, sal jy wees. As jy glo wat die woord oor jou verhouding en stand met Christus nou is, sal jy beslis die gevolg daarvan sien en beleef. ***Rom. 3:22 [NLV] "God spreek ons vry wanneer ons op Jesus vertrou om ons sonde weg te neem. Ons kan almal hierdie vryspraak ontvang, maak nie saak wie ons is of wat ons gedoen het nie."***

Ons weet nou dat Jesus die prys vir ons sonde betaal het, ons glo in Sy verlossingswerk en weet dat ons die vryspraak ontvang het. Dus kan ons hier en nou vry leef van die effek van sonde op ons lewens.

PAS DIT TOE...

Bid nou, bely dat jy 'n redder nodig het. Vra die Here om al jou sonde te vergewe, jou te was met Sy bloed en verklaar hardop dat jy dit glo. Jy glo dat jou sonde vergewe is, jy glo dat dit 'n afgehandelde saak is. Dit beteken dat jy verstaan jy hoef nie weer en weer terug te gaan en al jou ou sondes te bely nie.

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Rom. 5:6 [NLV] "Ja, juis toe ons nog totaal hulpeloos was, het Christus vir ons, die goddeloses, kom sterf."

NOTAS:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Waar is ek? Week 1, Dag 2

Die Sonde Issue

ONS STAAN IN 'N GEREGTIGHEIDSVERHOUDING (Die regte verhouding):

Daar is predikante wat steeds preek dat ons sondaars is. Die teendeel is waar volgens die Woord van die Here. Ons is nie net vergewe vir ons sonde maar ook regverdig verklaar. Dus kom God, deur die werk van Jesus en vat ons wat skuldig was en neem ons sonde van ons af weg, en ek word verklaar die geregtigheid van God. Ek staan in die regte verhouding (regte stand) met God en dit is nie afhanklik van my werke en my pogings, maar alleen deur die genade van God, in afhanklikheid van Hom.

2 Kor. 5:21 [NLV] "Want Hy het hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in hom." Jesus het ons sonde nie net vergewe nie, maar dit van ons af weggeneem. Hy verklaar ons onskuld en dra die volle straf daarvoor. Maar steeds wil ons, as Sy kinders onsself martel vir die foute wat ons begaan het terwyl die versoening en vergifnis reeds plaasgevind het. Ons moet gedurig ons denke oor ons stand in Christus aanspreek.

PAS DIT TOE...

Verklaar hardop dat jy geregverdig is deur die genade van God en die bloed van Jesus. Verklaar dat God jou onskuldig verklaar en die straf wat jou toekom op Jesus was! Hy was vir jou sonde gemaak dat jy regverdig verklaar kan word. As ons hierdie menslik onmoontlike begrip kon verklaar, was geloof onnodig. Dit is net God wat dit kon doen en ons moet dit begin glo!

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

1 Joh. 1:7 [NLV] "As ons optrede egter van die lig getuig, leef ons soos Hy wat in die lig is en het ons volledig deel aan mekaar, en die bloed van Jesus, sy Seun, maak ons skoon van elke sonde."

NOTAS:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Waar is ek? Week 1, Dag 3

Die Sonde Issue

DIT WAS EEN OFFER, EEN KEER

Ons begrip is dat ons as kind van God, as gevolg van foute, ons nie meer in verhouding met God kan staan en dat daar voortdurend offers gebring moet word. Dan omskep ons dit selfs in werke om onsself te verbeter en die gevolg daarvan is dat ons "geestelik uitbrand". 'n Mens kan net nie die gevoel self skep dat daar nou finaliteit oor die saak van sonde tussen jou en God is nie. Ons maak ook die fout en dink dat ons belydenis van die sonde dit gaan verander. Belydenis is bloot 'n erkenning dat ek afhanklik van God moet wees. Daar is dalk dinge wat jy letterlik honderd keer al bely het. Leer nou: Daar **was** 'n offer, die impak van die offer is dat daar vir eens en vir altyd met die sonde in jou lewe gedeel is.

Heb. 11:14-18[NLV] "... want deur een offer het hy vir altyd volmaak die wat geheilig word. ...en ook die heilige gees gee aan ons getuienis; ... 17 ...aan hulle sondes en hulle ongeregtighede sal ek nooit meer dink nie. 18 ...waar daar nou vergifnis van hierdie dinge is, is daar geen offer meer vir die sonde nie.

Daar is nie meer offers nie, net vergifnis, net genade! As jy fouteer vra jy verskoning, jy erken dat jy weer 'n daad van onafhanklikheid gedoen het, met 'n opregte hart en hou aan met loop. Die Here in Sy groot almag kies om nooit weer aan jou sonde te dink. Hy dink nou aan jou as Sy kind. Kyk na die verhaal van die verlore seun, die vader het hom gegroet as seun en nie as sondaar!

PAS DIT TOE...

Begin om die Here daagliks dankie te sê vir jou vergifnis wat bewerk is deur die EEN offer!! In plaas van om jouself te kasty, sê dankie! Praat van jouself as kind van God wat vrygekoop is deur die bloed van Jesus en nie meer as 'n sondaar nie. Die prys wat Jesus betaal het, het 'n effek gehad! Jy is Sy kind. Jou sonde is hanteer en as jy nou foute maak, bly jy Sy kind. Vra dadelik met 'n opregte hart verskoning en leer daaruit om altyd, elke oomblik, elke sekonde van Hom afhanklik te lewe.

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Kol. 1:14 [NLV] "Deur die Seun het ons verlossing verkry, naamlik die vergewing van sonde."

NOTAS:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Waar is ek? Week 1, Dag 4

Die Sonde Issue

EK IS 'n NUWE SKEPPING

Die effek van die dood van Jesus op my verhouding met God is dat die ou "goed" in my lewe gehanteer is. Sonde maak 'n mens "oud". Dit maak dat jy soms gebruik en vuil lyk en voel. Sonde laat 'n mens soms selfs tweedehands voel. Ons leef dan ook soms na ons wedergeboorte asof ons nog in daardie "ou" toestand vasgevang is. Die effek van die werk wat Jesus aan die kruis gedoen het, is meer as net vergifnis. Hy maak alles nuut.

2 Kor. 5:17-19 [NLV] "Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, Naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou."

Om reg oor jouself te dink nadat jy 'n kind van die Here geword het is belangrik. Die verlore seun het gekom met minderwaardigheid en nederigheid. Hy het gekom met die gesindheid van, maak my 'n dienskneg, ek is nie werd om U seun genoem te word nie. Die pa het vir hom nuwe klere en 'n nuwe ring as bevestiging van sy kindskap gegee, en toe fees gevier.

PAS DIT TOE...

Dink aan die plekke wat "geraak" was deur sonde in jou lewe. Vat dieselfde prentjie en laat God deur Sy Gees in jou hart die nuwe vorm. Jy hoef nie verder met die gevoel van oud, vuil en gebruik te loop nie. Elke keer wat die "ou" dinge by jou denke draai, verklaar dit nuut! Dit is tyd om te glo wat God se woord oor jou lewe sê!

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Open. 21:5 [NLV] "Hy wat op die troon sit, het toe gesê: "Kyk, Ek maak alle dinge nuut."

NOTAS:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Waar is ek? Week 1, Dag 5

Die Sonde Issue

GEEN SKULDBRIEF

Ons beleef soms dat mense dinge teen ons hou. Soms sal mense jou een kant toe skuif as gevolg van foute wat jy begaan het. Ander sal dit openlik teen jou hou. Dit is soos 'n boekie wat elke keer teen jou oopgemaak word oor 'n fout in die verlede. Ons verval dan ook in die slegte gedagte dat dit is hoe God met ons werk in ons verhouding met Hom.

Kol. 2:13 [NLV] "Julle was eintlik dood omdat julle gesondig het en omdat julle sondige geaardheid nog nie weggeneem was nie. God het julle egter saam met Christus lewendig gemaak. Hy het ons al ons sondes vergewe. Hy het die dokument met voorskrifte wat as klagstaat teen ons gedien het, uitgevee en dit vir goed weggevat deur dit aan die kruis vas te spyker."

Wanneer die Here ons vergewe is dit alles. Hy vergewe nie net nie maar vat die sonde weg! Die klagstaat wat teen ons kon staan het Hy uitgevee en vir goed weggevat. Dus al herinner mense en selfs omstandighede jou aan foute wat jy begaan het, as jy dit aan die Here bely het in afhanklikheid sal Hy dit van jou wegneem. Nou kan jy regtens op grond van die Woord verklaar dat jy vergewe is en dat dit nie meer teen jou staan nie.

Soms moet ons gevolge op aarde dra van foute, sonde en dade van onafhanklikheid van God, dit beteken nie dat God ons straf en dit teen ons hou nie. Dit is bloot vrug op verkeerde saad.

PAS DIT TOE...

Maak reg as jy teen mense sonde gedoen het, vra vergifnis daarvoor. Weet dat almal dit dalk nie sal toestaan nie, maar weet dat daar daarna geen klagstaat voor God bestaan, en leef dan daarvolgens.

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Rom. 8: 33-34 [NLV] "Wie sal dit waag om ons aan te kla as God ons spesiaal uitgekies het? God is immers die Een wat ons vryspreek. Wie sal ons veroordeel? Christus Jesus is tog die Een wat vir ons gesterf het, wat boonop ook opgestaan het, wat op die ereplek langs God sit en wat daar vir ons pleit."

NOTAS:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Waar is ek? Week 1, Dag 6

Die Sonde Issue

GEEN VEROORDELING

Veroordeling impliseer skuld en straf. Ons weet nou al dat die straf wat ons verdien op Jesus was. Te veel van ons leef asof ons steeds gestraf gaan word. Baie glo dat slegte dinge wat in hulle lewens gebeur, God is wat hulle straf vir die foute wat hulle begaan het. ***1 Joh. 4:18[NLV] "Ware liefde het nie plek vir vrees nie; volwasse liefde dryf die vrees uit omdat vrees nog met straf behep is, en wie aanhou vrees, het nog nie dié volwasse liefde bemeester nie***."

Ons leef nou in 'n liefdesverhouding met God. Hy straf ons nie. Die straf was op Jesus volgens die profeet Jesaja. Skuld en straf is dus hanteer en ons moet dit in geloof aanvaar.

Rom. 8:1-3 [NLV] "Vir hulle wat aan Christus Jesus verbind is, is die oordeel nou heeltemal weggeneem. Die lewegewende Gees is so magtig dat Hy jou deur Christus Jesus bevry het van die greep van die sonde wat uitloop op die dood. Die wet van Moses kon ons as gevolg van ons sondige natuur nie verlos nie. Daarom het God Sy eie seun met 'n menslike natuur soos ons sondige menslike natuur na ons toe gestuur om as offer Vir ons sonde te dien. Daarmee het Hy afgereken met die sonde in ons menslike bestaan..."

Daar is met die dood van Christus vir eens en vir altyd gedeel met oordeel en straf in jou bestaan!!!! Daar is geen greep van sonde meer op jou lewe nie. Dit praat van die houvas wat dit kon hê, die oordeel wat daarmee saam gaan en die straf as die gevolg daarvan.

PAS DIT TOE...

Oral waar jy dink aan straf, vervang dit met die geloof dat daar met die totale effek van sonde in my bestaan gedeel is.

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Rom. 8:2 [NLV] "Die Lewegewende Gees is so magtig dat Hy jou deur Christus Jesus bevry het van die greep van die sonde wat uitloop op die dood."

NOTAS:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Waar is ek? Week 1, Dag 7

Die Sonde Issue

VRYMOEDIG VOOR GOD

As ‘n mens ‘n fout begaan teenoor iemand verloor jy soms vrymoedigheid. Dit maak dat jy selfs sukkel om hulle in die oë te kyk. Dit veroorsaak dat daar die gevoel van afstand intree en in ons verhouding met God veroorsaak dit dat ons ophou bid en Bybel lees. Deur die dood van Jesus is die afstand verwyder. Jou sonde is hanteer! Dit is vergewe en die gevolg daarvan, wat onsekerheid insluit, is van jou af weggeneem.

Efes. 3:12 [NLV] “Deur Christus en ons geloof in Hom, kan ons met vertroue vrymoedig na God toe gaan.” Hier staan twee dinge duidelik uit. Deur Christus en wat Hy gedoen het is ons verhouding herstel na intimiteit. Naby aan God leef en wees. Ons hoef nie te vlug of Hom te vermy of met vrees in ons harte te leef nie. Ons kan na Hom toe beweeg selfs in die tye van ons foute. Die tweede en belangrike punt is dat ons moet glo in Hom. Glo in die werk wat Hy vir ons gedoen het deur te sterf aan die kruis en te deel met ons sonde. Te glo dat ons nou met vrymoedigheid voor God kan staan en kan weet ons staan nou in ‘n liefdesverhouding, waar daar geen skeiding en afstand is nie.

PAS DIT TOE...

Wanneer jy afstand ervaar weet dat God nie een millimeter weg van jou beweeg het nie, dit is jy en dat Hy jou naby aan Hom wil he. Hy het ‘n prys daarvoor betaal. Dus wanneer jy afstand en onvrymoedigheid beleef, hanteer die issue van sonde, bely dit en stap verder met vrymoedigheid saam met die Vader sonder om ‘n oomblik se tyd in onvrymoedigheid te mors.

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Heb. 4:16 [NLV] “Kom ons gaan dan met volle vrymoedigheid na die troon van ons genadige God. Hy sal aan ons Sy ontferming en genade bewys sodat ons op die regte tyd gehelp sal word.”

NOTAS:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Waar is ek? Week 2, Dag 1

DAAR HET IETS GEBEUR

Ons verhouding met God kan nie geleef word asof daar niks gebeur het nie. Die werk wat Christus aan die kruis deur Sy bloed vir ons gedoen het was enorm. Die implikasie moet nou verstaan word, geglo word en geleef word.

Ons praat gedurig in die reeks van die sonde wat deur die eerste Adam in die wêreld ingebring is volgens Rom. 5, maar volgens ***1 Kor. 15:45 [NLV] sê die Skrif vir ons: "Die eerste mens, Adam, het 'n lewende, fisiese persoon geword." Maar die laaste Adam – dit is Christus – het 'n lewendmakende geestelike Persoon geword."*** Ons is nou onder die heerskappy van die lewendmakende Jesus. Ons is verlos van die invloed van die eerste Adam. Daar het iets gebeur!!!

Vir te lank het ons in die bewustheid van sonde geleef. Ons is deur die bloed van Jesus vrygekoop van die mag van die sonde van die eerste Adam en geplaas in 'n verhouding onder die mag van die tweede Adam, Jesus. Jy moet jouself gedurig daaraan herhinder! Jy moet daagliks die waarheid bely, want geloof kom deur die gehoor en vir te lank het ons gehoor ons is sondaars terwyl daar iets enorm gebeur het wat ons uit die sonde toestand en as slawe van sonde bevry het.

Dit begin by wat jy glo. As jy glo dat jy 'n slaaf van sonde is, sal jy wees. Fokus op wat die woord oor jou sê en nie op wat mense, godsdienstiges en emosies jou wil laat glo nie.

PAS DIT TOE...

Bely jou kindskap. Vertel dit aan ander. Hou op om agter die ou Adam se natuur te skuil en maak jou lewe oop vir die invloed van die werk wat Christus vir ons behaal het.

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

1 Pet. 1:3 [NLV] "Alle eer aan die God en Vader van ons Here Jesus Christus, want sonder dat ons dit verdien, het Hy sy ontferming aan ons betoon deur die proses te begin wat op ons weergeboorte uitgeloop het. Nou het ons regtig hoop omdat Jesus Christus uit die dood opgestaan het."

NOTAS:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Waar is ek? Week 2, Dag 2

Daar het iets gebeur

NABY AAN GOD

Een van ons grootste struikelblokke is dat ons te gereeld afstand tussen ons en God beleef. Afstand skep die persepsie dat God ons verlaat het en dat ons uitgelewer is om die verhouding tussen ons en Hom in stand te hou. Ons voel dan ook ons moet self dinge in ons lewens hanteer om die stryd te wen. Dit is in hierdie tye dat baie weer struikel want die gevoel van magteloosheid sal jou laat oorgee aan die ou natuur en die ou manier van dink en doen.

Efes. 2:3 [NLV] "Ons almal het vroeër so gelewe. Ons gedrag is bepaal deur ons sondige begeertes. Elke sondige wens wat in ons gedagtes opgekom het, het ons sommer net gedoen." Die instink van om dinge net te doen soos altyd en dade van onafhanklik van God steeds te doen, kom amper natuurlik. Jy moet nou oefen word om eers te dink... God is by my, Hy sal my nooit begewe of verlaat nie, Hy wil my help om die regte keuses te maak. Sy Gees sal my die krag gee omdat dit aan die werk is binne in my! Ek is nie meer verlate nie, al maak ek 'n verkeerde besluit! Ek is Sy tempel en Hy woon in my!

PAS DIT TOE...

Herinner jouself daagliks dat Christus in jou woon. (Hy is nooit ver nie.) Nie in tye van krisis nie, nie in tye van versoeking nie en selfs nie in tye waar ek die fout maak om in te stem vir verkeerde dinge nie. Ek is NOOIT weer alleen!

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Efes. 2:12-13 [NLV] "Dink daaraan dat julle toe sonder Christus was, nie burgers van God se volk nie, uitlanders wat nie deel gehad het aan die beloftes van die verbonde nie. Julle was sonder toekomsverwagting en sonder God in die wêreld. Maar nou het julle wat toe ver weg was, deur julle verhouding met Christus naby gekom. Dit is moontlik gemaak deur Christus se dood aan die kruis.

NOTAS:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Waar is ek? Week 2, Dag 3

Daar het iets gebeur

MY KINDSKAP IS VAS

Vir baie mense in hulle 'journey' met God, reageer hulle op hoe hulle op die oomblik voel. Ek is kind van God op grond van my geloof en niks anders. Hierdie geloof word deur die Gees van God in ons harte bevestig. Na watter stem luister jy nou? Die een wat sê as jy sekere foute en dade van onafhanklikheid doen, jy nie Sy kind is nie? Of luister jy na die Gees wat jou kindskap vasmaak?

Efes. 1:5 [NLV] "Deur wat Christus gedoen het, het God vooraf besluit om ons as sy kinders aan te neem. Hy het dit gedoen omdat dit is hoe Hy dit wou hê."

Daar het 'n transaksie, 'n ooreenkoms of verbond plaasgevind. Jesus se bloed het 'n prys betaal sodat ek kind van God kan wees. God het dit beplan tot in die fynste detail, tot op Golgota waar die bloed van Jesus die prys betaal het om in 'n nuwe verhouding met God te leef. Hy het dit beplan tot waar ek gekoop is vanuit die mag van sonde na vryheid in Christus en ek nou 'n kind van God is. Kindskap gaan nie oor wat jy voel nie. Kindskap gaan oor wat my identeitsdokument sê. Ek staan nou bekend as Kind van God en kan alles vanuit hierdie posisie benader en daarvolgens leef.

PAS DIT TOE...

Noem God Vader!!

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Gal. 4:4-7 [NLV] "Maar in die volheid van die tyd het God sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore, onder die wet, sodat Hy hulle wat onder die wet is, kan vrykoop, ja, sodat ons tot kinders aangeneem kan word. En omdat julle sy kinders is, het God die Gees van sy Seun gestuur om in ons te lewe. Die Gees in ons roep voortdurend na God: "Abba!" – wat die Aramese woord is vir "Vader". Jy is dus nie meer slaaf nie, maar kind. En as sy kind het God jou sy erfgenaam gemaak!"

NOTAS:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Waar is ek? Week 2, Dag 4

Daar het iets gebeur

AL WAT SAAK MAAK IS CHRISTUS IN JOU

Ons moet leer om vanuit Christus te leef. Ons wil ons posisie vas maak deur elke keer terug te keer na werke, na dinge om God te beïndruk terwyl die woord van God duidelik is dat ons nie gered word deur ons werke nie. Ons word nie geseën omdat ons seën deel van die wet onderhou nie. As ons dit glo, dan mislei ons onsself want ek kan aan twee ander wette skuldig wees.

Kol. 3:11 [NLV] "In hierdie nuwe lewe is daar nie langer sprake van Griek of Jood, besny of onbesny, ongekultiveerd, barbaars, slaaf of vry man nie. Al wat saak maak, is Christus wat alles in elkeen is."

Jou afkoms, jou onderhouding van die wet, waar jy groot geword het, bepaal nie jou verhouding met God en die sukses van die 'journey' wat jy stap nie. Wat jou fokus moet wees en wat saak maak, is Christus wat ALLES in elkeen is.

PAS DIT TOE...

Is Christus alles in jou? Of wil jy self wen en self guns verdien? Fokus op Hom! Laat Hy jou sterkte wees waaruit jy lewe en waaruit jy jou besluite neem. As jy beweeg sê vir jouself: Christus is in my en dit is al wat saakmaak!

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Kol 1:27[NLV] "God het besluit om aan hulle bekend te maak hoe wonderlik die heerlikheid van hierdie geheim vir alle volke is. Die geheim is: Christus leef in julle. Dit is die vooruitsig dat julle in die hemelse heerlikheid sal deel."

NOTAS:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Waar is ek? Week 2, Dag 5

Daar het iets gebeur

DIE PRYS WAS DUUR

Die ou mense het gesê: goedkoop koop is duurkoop. Daarmee word gesê dat indien jy iets wil hê wat lank gaan hou, en van waarde sal wees moet jy bereid wees om ‘n prys daarvoor te betaal.

God het die duurste prys ooit betaal sodat ons van Adam na Christus kan beweeg. Die prys bepaal nie net dat ons hemel toe sal gaan nie maar ook hier ‘n hoë kwaliteit lewe kan leef. ‘n Lewe van Vryheid! ‘n Lewe wat sinvol is. ‘n Lewe wat nie bepaal word deur die “gang van die lewe” nie, en wat ook nie bepaal word deur die gebrokenheid nie maar deur Christus se prys en die resultaat daarvan.

1 Pet. 1:18-19 [NLV] “Julle weet mos dat God betaal het om julle los te koop van die sinlose leefstyl wat julle van julle voorouers oorgeërf het. En dié losprys was nie dinge wat vergaan, soos goud of silwer nie. Inteendeel, dit was die kosbare bloed van Christus, soos dié van ’n lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is.”

Ons kan dus nou leef sonder die invloed van ‘n gebroke lewe wat ons van ons voorouers (ook ADAM) geërf het. Weereens is die vryheid nie mensgemaak nie! Die prys was die bloed van Jesus wat die krag besit om die werke van die ou natuur te vernietig en ek en jy kan nou ‘n volkome nuwe lewe ly. Geeneen van ons is die resultaat van die huis, die agtergrond en die gebeure van ons lewens nie. Ons is nou die resultaat van die prys wat vir ons betaal is, dit was duur en kosbaar en dit bring volkome vryheid mee.

PAS DIT TOE...

As jy in versoeking kom meet dit teen die prys wat betaal is om jou vryheid te bekom! Onthou die slagspreuk: “ek is nie meer ‘n slaaf van sonde” en voeg ook by “en van die ou natuur en van die dinge wat in my verlede gebeur het nie”. Daar was ‘n enorme prys betaal sodat ek in Vryheid kan lewe!

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

1 Kor. 6:19-29 [NLV] “Of verstaan julle nie dat julle liggame ’n tempel van die Heilige Gees is wat in julle woon en deur God aan julle gegee is nie? Julle behoort nie aan julleself nie, want julle is teen ’n duur prys gekoop. Daarom moet julle God met julle liggaam verheerlik.”

NOTAS:

_____

_____

_____

_____

Waar is ek? Week 2, Dag 6

Daar het iets gebeur

VERANDER JOU FOKUS

Baie begin die Here opreg dien. Te veel verval in die gedagte dat ek gered is om hemel toe te gaan en begin nie met ‘n praktiese toepassing van ‘n nuwe lewe in Christus nie. Ek en jy moet ‘n keuse maak om die fokus van ons lewens te verander en nuut te begin lewe volgens die prys wat Jesus vir ons betaal het.

Kol. 1:1-3 [NLV] “Aangesien julle saam met Christus tot 'n nuwe lewe opgewek is, streef na die dinge wat daarbo by Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. Laat julle gedagtes beheer word deur die hemelse dinge, nie deur dinge op die aarde nie. Julle het mos saam met Christus gesterf en julle lewe is saam met Hom veilig by God weggesteek.”

Jou fokus kan op die verlede se dinge wees. Ons moet oefen om ons fokus te plaas op nuwe dinge wat nuwe gedrag by ons sal kweek. Ons lewe kan nou geleef word vanuit die werklikheid, ek is dood vir sonde. Ek plaas nie meer my fokus op dit wat iets in my lewe stimuleer of waarde aan my gee nie. Ek plaas my fokus op nuwe dinge wat nuwe gevolge in my lewe sal meebring. Ek weet in die proses van verandering is ek veilig. Die dinge wat kan en sal wegval, sal nie skade veroorsaak nie, maar genesing en bevryding bring. Ek sal kan vry leef!

PAS DIT TOE...

Lys die dinge wat ‘n fokus in jou lewe was. Maak ’n nuwe lys vanuit dit wat jy tot nou toe geleer het rondom dit wat die nuwe lewe in Christus behels. Maak ‘n kognatiewe besluit om op die nuwe dinge te fokus waarvan die kern vryheid is! Moenie fokus op die energie wat jy moet insit om dit te bereik nie, maar op die afhanklikheid van die Heilige Gees wat dit deur jou sal bereik. Leer en oefen dade van afhanklikheid – dit word nou jou fokus!

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Heb. 12:1-2 [NLV] “Met so ’n magtige skare toeskouers rondom ons om ons in die wedloop van die geloof dop te hou – kom ons stroop alles af wat ons spoed kan vertraag, veral die sonde wat so maklik ’n houvas op ’n mens kry. Kom ons hardloop met volharding op die baan wat voor ons uitgestrek lê, ons oë vasgenael op Jesus, die Voorganger en Voleinder van ons geloofswedloop. Hy het ter wille van die blydskap wat daar voor vir Hom gewag het, die kruis verduur. Ja, Hy het Hom selfs deur die skande van die kruisdood nie laat afskrik nie. En nou sit Hy op die ereplek langs God op die troon!”

NOTAS:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Waar is ek? Week 2, Dag 7

Daar het iets gebeur

EK LEEF AS GESEËNDE VAN DIE HERE

Omdat ons nie meer in die ou natuur van ADAM leef en onder die wet en sy voorskrifte staan nie, is ons vrygekoop van die vloek van die wet. Ons kan nou leef as geseëndes van die Here! Ons word nie geseën deur wat ons doen nie maar omdat ons in Christus is. Baie van ons glo dat daar vloeke oor ons lewens hang. Ons is vrygekoop van die vloeke omdat Christus vir ons 'n vloek geword het.

Efes. 1:3 [NLV] "Prys God, die Vader van ons Here Jesus Christus, voortdurend, want Hy is wonderlik goed vir ons! Deur wat Christus gedoen het, het Hy ons geseën met elke geestelike seëning wat daar in die hemelsfere is."

Verwag die seën van die Here en weet dat die straf wat vir ons die vrede aanbring op Hom was! Leef in daardie vrede. Ek laat in moeilike tye 'n koor vers deur my kop maal: "want ek is nou eenmaal 'n geseënde van die Here..." Hou aan om dit te bely sodat ons bevry kan word van die straf en werke en ook die mentaliteit van "slaaf" waarin ons vir jare vasgevang was. Stap die pad van gehoorsaam wees en verwag seën. As jy 'n fout begaan vra verskoning en verwag die liefde en seën van God volgens Sy beloftes van die nuwe verbond en nie die straf wat met die wet saamgaan van die ou verbond nie.

PAS DIT TOE...

Dink aan jouself as 'n geseënde. As die storms kom, verklaar jouself as geseënde op grond van Christus se dood en opstanding en sien hoe dinge in jou lewe begin verander.

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Spreuke 10:22 [NLV] Dit is die Here se seën wat rykdom bring. Hy gee nie hartseer daarmee saam nie.

NOTAS:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Waar is ek? Week 3, Dag 1

Lewendig dood

DINK NUUT

Die verandering wat moet plaasvind in die eerste plek is nie dade nie. Nie ‘n klomp selfdissipline wat maar net weer op die verkeerde iewers kan uitloop nie. Selfs al wen jy ‘n ding deur brutale selfdissipline kan dit oorgaan tot trots wat weer tot jou val kan lei. Die verandering moet plaasvind in ons denkpatroon.

Ons moet begin glo: SONDE IS NIE MEER MY MEESTER NIE. Ons moet begin om onsself te sien IN CHRISTUS. Ons moet begin dink vanuit hierdie groter waarheid en toelaat dat dit ons leefstyl bepaal. Om nuut te dink neem beplanning. ‘n Mens moet jouself gedurig aan die nuwe waarhede herinner totdat dit ‘n leefstyl word.

Rom. 10:17 [NLV] “Die geloof volg uit die aanhoor van die boodskap. En die aanhoor van die boodskap volg uit die prediking van die Goeie Nuus wat handel oor Christus.”

Onthou om die Woord te lees binne konteks. Ons vind dat die moets en moenies uit konteks aangehaal word om jou moedeloos te maak en telkens die indruk skep dat jy nie goed genoeg is nie. Moenie langer dat tekse wat nie in die geheel gesien en gelees word, jou persepsie oor jouself bepaal nie. Weet dat mense nie altyd hierdie waarheid met jou sal deel en dat jy dit nie hoef te verdedig nie. Leef jy volgens die Skrif en vertrou dat die lewe wat jy lei, ander sal raak en ‘n verskil in hul lewens sal maak. Vrug sal gesien en beleef word en dit is die enigste eindresultaat wat ons wil sien.

PAS DIT TOE...

Maak vir jou merkers. Dra ‘n armbandjie of plaas iets op jou tafel om jou te herinner aan die nuwe werklikheid dat jy IN CHRISTUS is en dat sonde beslis nie meer jou meester is nie. Tydens elke versoeking fluister dat jy dit kan hoor, sonde is nie meer my meester nie.

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Rom. 12:2 [NLV] “Moenie julle leefstyl aanpas by die gedragspatrone van hierdie wêreld nie, maar laat God julle omvorm deurdat Hy julle denkpatrone vernuwe. Dan sal julle goed kan onderskei wat Hý wil hê dat julle moet doen, naamlik dit wat werklik goed en aanvaarbaar en volmaak is.”

NOTAS:

_____

_____

_____

_____

_____

Waar is ek? Week 3, Dag 2

Lewendig dood

WAT AS DIE "LYK" WEER LEWE?

Ons het geleer dat ons dood is vir sonde. Omdat Christus gesterf het vir ons sonde, het ons deur die doop saam Hom ook gesterf vir sonde. Die waarhede wat dus van toepassing is op Christus is nou van toepassing op my. Die waarheid oor ons lewens is dat ons soms sukkel met versoekings. Al sukkel jy soms beteken dit nie dat jy verloor nie. Om suksesvol te wees neem oefening. Soms voel dit "of die lyk weer begin lewe". Ek kry die nuwe wandel so mooi reg en dan skielik beweeg ek weer op verkeerde impulse.

Die grootste oefening ten opsigte van jou wandel met die Here, is dat jy elke keer sal opstaan en nie sal terugkeer na jou denke dat jy uit Adam is omdat jy geval het nie. Jy bly in Christus. Jou lyf en lewe moet nog leer dat daar 'n nuwe dryfveer in jou lewe is, en dit is Christus. Soms bely ons dat ons nie meer 'n slaaf van sonde is nie en doen dan steeds die verkeerde. Bely jou sonde dadelik, draai weg en raak onmiddellik weer afhanklik van die Here se krag, selfs in jou opstaan.

Spreuke 24:16 [NLV] "Selfs al val 'n regverdige mens sewe keer, hy sal elke keer weer opstaan."

As jy val staan dadelik op. Moenie 'n oomblik bly lê nie. Ek sê altyd as jy val, val vorentoe, dit is 'n vertrekpunt vir die volgende wen!

PAS DIT TOE...

Herinner jouself daagliks dat jy dood is vir sonde. Paulus moes dit gereeld doen en as hy dit moes oefen, soveel te meer ek en jy.

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

2 Kor. 4:10 [NLV] "Ons dra altyd die sterwe van Jesus in ons liggaam saam sodat ook die lewe van Jesus sigbaar kan word in ons liggaam."

NOTAS:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Waar is ek? Week 3, Dag 3

Lewendig dood

PRAAT DIE NUWE PAD EN OPENBARING

Daar is ‘n spreekwoord wat sê: “Talk is cheap, put your money where your mouth is.” Vir te veel gelowiges is dit ‘n leefstyl om groot waarhede soos hierdie te hoor en dan onbewustelik verder te leef. Jy moet jou geloof sit waar God se Woord sê jy is. In hierdie proses sal die duiwel, en soms die duiwel deur mense, jou bly aanval. Dit is dan wanneer dit wat jy glo, moet tel. Herinner jouself dat jy dood is vir sonde. Herinner die duiwel daar aan! Dit gebeur deur jou getuienis. Jy moet praat met jouself en ander oor dit wat jy besig is om te leer. Jou getuienis is nie dat jy self gaan wen en self ‘n beter weergawe van die ou Adam gaan wees nie, maar eerder dat sonde nie meer oor jou heers nie, as gevolg van die werk wat Christus vir jou gedoen het.
Waarvoor gebruik jy jou tong?

Jak. 3:4-5 [NLV] “En ’n klein roertjie maak dat ’n groot skip draai net waarheen die stuurman wil, selfs wanneer sterk winde waai. 5 So is die tong ook iets kleins, en tog kry dit groot dinge reg.”

Die Bybel leer ons dat ons tong soos die roer van ‘n skip is. Dit bepaal die rigting waarheen ons gaan. Ons moet dus meer begin praat oor die wenne as oor die nederlae. As ons struikel, bely en stap aan. Praat dadelik weer oor wen en oor die krag van God wat in jou opstaan en wat aan die werk is.

PAS DIT TOE...

Weerstaan die gedagte dat jy steeds ‘n produk van die ou Adam se natuur is. Al moet jy hardop uitroep, doen dit: Ek is vry deur die bloed van Jesus, die prys is betaal, ek is nie meer ‘n slaaf van sonde. Staan op en wen deur jou getuienis!

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Open 12:11 [NLV] “En hulle het hom self oorwin op grond van die bloed van die Lam en die boodskap waaroor hulle getuig het. Hulle het hulle lewens nie so liefgehad dat hulle onwillig was om vir Hom te sterf nie.”

NOTAS:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Waar is ek? Week 3, Dag 4

Lewendig dood

OEFEN JOU LYF

Toe ek 'n tyd gelede met vakansie was, het ek vir 10 dae nie geoefen nie. Die oggend toe ek weer by die gym opdaag het ek gewonder as ek op die fiets gaan sit watter pas ek sal kan handhaaf. Ek het teen die ou pas getrap en tot my verbasing kon ek trap (ten spyte van my swaar asemhaling). Die kenners noem dit "muscle memory". Jou spiere besit die vermoë om geheue van bewegings op te bou en te onthou. Dis soos dans, as jy eers kan, kyk jy nie na jou voete nie.

Rom. 6:13 [NLV] "Moenie langer julle liggaamlike vermoëns as wapens van ongeregtigheid vir die sonde beskikbaar stel nie, maar stel julleself voortdurend vir God beskikbaar omdat julle uit die dood weer lewendig geword het. Stel al julle liggaamlike vermoëns as wapens van geregtigheid tot God se beskikking."

Ons het verkeerde spier-geheue opgebou in ons lewens. Ons oë kyk waar dit nie moet nie, tonge praat wat dit nie moet nie, voete loop waar dit nie moet gaan nie, hande doen wat dit nie moet doen nie.... Omdat ons dood is vir die mag van sonde, gebeur dit soms as gevolg van "muscle memory" dat ons ou gewoontes wil herhaal. Nou is dit bloot oefening om nie meer JA vir daardie beweging in 'n verkeerde rigting te sê nie en NEE te sê vir die versoeking. Dit is 'n magtige keuse wat ons kan doen en indien dit herhaal word met die waarheid dat ek nie meer vir sonde leef nie, sal dit 'n bevrydende uitwerking op ons lewens hê.

PAS DIT TOE...

In elke situasie waar die "ou natuur" roep, selfs skreeu om jou aandag te kry, kies om NEE te sê. Onthou sonde het nie meer mag oor jou nie!

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

1 Kor. 9:24-27 [NLV] "Onthou, daar hardloop baie atlete op die baan, maar net een ontvang die prys. Hardloop só dat julle die prys sal ontvang. Al die deelnemers pas absolute selfdissipline toe. Húlle doen dit om 'n prys te wen wat heel gou sal vergaan. Maar óns doen dit vir 'n ewige prys. Daarom pyl ek reguit op die wenpaal af, doelgerig met elke tree wat ek gee. Ek is soos 'n bokser wat met elke hou tref. Ek brei my liggaam en dissiplineer dit om werklik bruikbaar te wees. Ek wil tog nie, terwyl ek vir ander gepreek het, self deur God gediskwalifiseer word nie."

NOTAS:

_____

_____

_____

_____

_____

Waar is ek? Week 3, Dag 5

Lewendig dood

KYK EERLIK

Vandag is ‘n geleentheid om vir jouself te sê ek is “dood” vir sonde! Kyk vinnig na die “ou” dinge wat herhaal en wat jy dalk nie eers meer so van bewus is dat dit herhaal nie. Verkeerde goed kan so ‘n leefstyl wees dat ons dit selfs sal regverdig. Ek vra soms ‘n vriend om die dinge aan my uit te wys.

As jy bereid is om jou lewe vir ander oop te maak om inspraak te kan lewer, sal dit help om blinde kolle in jou mondering na vore te bring. Jy sal dan ook groter wen geleenthede in jou verhouding met God kan betree. As jy ‘n ding wil verdedig is dit ‘n goeie teken dat dit nog sterk lewendig is, in jou lewe.

Gal. 2:20[NLV] “Ek leef nie meer nie, maar Christus lewe in my. Die lewe wat ek nou op aarde leef, leef ek deur geloof in die Seun van God, Hy wat sy liefde vir my bewys het deur in my plek te sterf.”

Om hierdie wonderlike nuwe waarheid te beleef moet jy in die geloof lewe dat Christus vir jou gesterf het, nie dat jy net hemel toe kan gaan nie, maar hier op aarde lewe en oorvloed kan beleef. Jy moet glo dat jy uit die ou lyn van sonde uit Adam gehaal is en dat jy IN CHRISTUS geplaas is. Dat jy nou dood is vir die SONDE en dat Christus in jou leef.

PAS DIT TOE...

Kry iemand teenoor wie jy verantwoordbaar kan wees. Iemand wat nie bang sal wees om die eerlike woorde van “die goed leef nog” met jou te deel nie. Vra vandag eerlike vrae aan die mense om jou en begin dit wat dood veronderstel is om te wees te vervang met afhanklikheid van die Gees van die Here.

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Rom 8:26 [NLV] “Die Gees van God help ons ook nog boonop in ons onbeholpenheid...”

NOTAS:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Waar is ek? Week 3, Dag 6

Lewendig dood

KRY GOD SE RITME

Ons maak bewustelik die keuse om die Here te dien. Dan wil ons wat godsdienstig is verhouding vervang met 'n stel reëls om God "tevrede" te hou. Ons wil vanuit die ADAM natuur leef terwyl ons 'n enorme transisie ondergaan het en IN CHRISTUS geplaas is deur die GENADE van God. As ons vanuit die ou natuur gaan bly beweeg en bestaan gaan ons die ou resultate verkry wat saamgaan met veroordeling, dood en seer.

Daar is 'n nuwe ritme van lewe om volgens te begin lewe. Daar moet bewustelik toegegee word aan die nuwe inspraak en dit klink soms onmoontlik. Dit gaan oor jou gesindheid. As jy 'n mens is wat self en onafhanklik dinge wil en sal bereik, gaan jy op 'n verhoudingsvlak met God die keuse moet maak om jouself te onderwerp.

Hand. 17:28 [NLV] "Dis tog juis deur Hóm dat ons leef, beweeg en bestaan. Soos party van julle digters ook gesê het: 'Ons is sy nageslag.'"

Nou is dit volg Jesus, laat toe dat Sy lewe wat bewerk word deur die Heilige Gees, in ons harte die nuwe impulse wees waarvolgens jy daagliks besluite maak. Iets aan die bogenoemde teks het my hart laat klop in die woorde: Ons is Sy nageslag! Ons is uit Sy Saad wedergebore en dus nie meer 'n produk van ons herkoms, gebeure en sonde.

PAS TOE...

Bid elke oggend. Hier is my lewe Here. Kom leef U ritme deur my deur U Heilige Gees. Maak weereens merkers waarna jy kan verwys om jou te help deur die dag om oor en oor die gebed te bid.

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Heb. 10:16 [NLV] "Want nadat Hy tevore gesê het: dit is die verbond wat Ek met hulle sal sluit ná dié dae, spreek die Here verder: Ek sal My wette gee in hulle hart, en in hulle verstand sal ek dit inskrywe!"

NOTAS:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Waar is ek? Week 3, Dag 7

Lewendig dood

JY IS NIE MEER 'N SLAAF NIE

Ons het as slawe van sonde geleef. Dit was in baie opsigte om soos 'n marionet te wees, as die toutjie getrek word om 'n ding te sê, het hy dit gesê, as die toutjie getrek was om 'n ding te doen het jy impulsief gedoen. Daar het iets wesenlik gebeur. Ons is vrygekoop van slawerny van sonde.

Dis so goed soos, ek was 'n slaaf en 'n prys is betaal om my vry te koop, maar jy kies om daar te bly en hard te werk en verneder te wees, omdat jy nie in vryheid kan lewe nie. 'n Slaaf het 'n merk gedra en was sigbaar. Sonde maak 'n merk op ons en is sigbaar. Ons is nie meer slawe nie! Daar was 'n enorme prys vir ons betaal en dit is tyd dat ons sal uit beweeg en in hierdie vryheid sal begin lewe.

Rom. 6:16 [NLV] "Besef julle nie dat dít waarvoor 'n mens jou as slaaf beskikbaar stel, jou baas word nie? Jy kan die sonde kies en daarmee saam die dood, of jy kan kies om God te gehoorsaam en volgens sy wil te lewe."

Omdat jy nie meer 'n slaaf is nie, kyk waaraan jy jouself blootstel. Gedra jy jou dalk nog soos 'n slaaf? Sonde is nou 'n keuse. Dis 'n daaglikse besluit. As kind van God is dit wat met ons saamgaan nie meer dood en straf, maar 'n erfdeel wat ons lewens raak en wat maak dat ons ander se lewens kan raak.

PAS DIT TOE...

Jou nuwe identiteit is kindskap. Begin om met God as Vader te praat. Jy het die reg daartoe. Jy kan en mag Hom nader omdat hy 'n liefdevolle Vader is wat in 'n intieme verhouding met jou wil staan. Onthou altyd jy is Sy kind!

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Gal. 4:6-7 [NLV] "En omdat julle sy kinders is, het God die Gees van sy Seun gestuur om in ons te lewe. Die Gees in ons roep voortdurend na God: "Abba!" – wat die Aramese woord is vir "Vader". Jy is dus nie meer slaaf nie, maar kind. En as sy kind het God jou sy erfgenaam gemaak!"

NOTAS:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Waar is ek? Week 4, Dag 1

Wetteloos

CHRISTUS WAT NOU IN JOU WERK

Ons leer in Matteus 5 dat Jesus ons leer dat Hy die wingerdstok is en ons die lote. Ons persoonlikhede werk so baie daarteen. Omdat baie van ons prestasie gedrewe is wil ons God soms beindruk. Ons dink ons kan vir God wys dat ons Hom wil volg. Ons kan dinge regmaak waar ons verbrou het. Ons kan dinge verbeter, sodat ons 'n beter mens sal wees. Al hierdie dinge vat ons uit Christus uit en plaas ons onder werke van die wet of reëls.

Fil. 2:13 [NLV] "Dis mos God wat die gewilligheid en die vermoë in julle bewerk om te handel volgens wat Hy graag wil hê!"

As ons net kan snap dat ons nie eers opreg "reg" en kan "wil" nie. Ons besluit nou maar net nou oortree ons of misluk ons, of vergeet ons weer van ons voorneme. Ons kan nie eers by ons menslike voornemens bly ten opsigte van eet, fiksheid, en praat gewoontes nie.

Dit neem 'n bewustelike oorgawe om daagliks jouself te herinner dat God deur Christus en Sy gees nou aan die werk is in jou lewe. Die wonder wat daarop volg is dat Hy jou nie net gewillig maak nie, maar ook bekwaam. Hy gee dus die begeerte na die goeie en dan maak Hy jou vaardig om dit te kan doen, want dit is Sy vrug. Hy is die wynstok en ek bloot die loot wat moet oefen om my krag uit Hom te put en toe te laat dat Hy in en deur my SY vrug produseer.

PAS DIT TOE...

Vra God daagliks om in en deur jou te werk. Bely dat Hy die wingerdstok en jy bloot die loot is. Maak jou lewe oop en sê vir God dat jy begeer dat Hy Sy vrug in jou sal laat werk.

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Joh. 15:5 [NLV] "Ek is die druiwestok, julle is die lote. Wie aan My verbonde bly en ek aan hulle, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie."

NOTAS:

_____
_____
_____
_____
_____
_____

Waar is ek? Week 4, Dag 2

Wetteloos

NIE IN EIE KRAG

Mense wil nie afhanklik lewe van iets of afhanklik van iemand wees nie. Tog is ons in totale afhanklikheid gebore. Dit gaan daagliks ‘n doelbewuste keuse moet wees om in die bewustheid te lewe: “ek is afhanklik van God en Hy is besig om te werk in my”.

Wilskrag kan jou ‘n ent neem, maar iewers kom die verloor en teleurstellings en steel dit van ons. ***Gal. 4:4 [NLV] “Julle wat deur God vrygespreek wil word deur die wet te onderhou, het julle van Christus losgemaak. Julle het God se genade verbeur.”***

Mense sê maklik dat as jy foute begaan verbeur jy God se genade. Jy verbeur God se genade as jy op jouself staatmaak om geregverdig te word, om self vrug te wil dra. Dit is net deur die bloed van Jesus alleen. Dit is sterk woorde van waarskuwing. Sonder Hom kan ons niks doen nie. Jy verloor jou posisie van God se onverdiende genade as jy op jouself wil staatmaak om vrug te dra en op jouself wil staatmaak om jou lewe in orde te bring. Jy sny die guns af as jy dit probeer doen. <u>Dit is uit en deur genade alleen.</u>

Die Here is ‘n heer (Gentlemen), hy forseer Homself op niemand se lewe nie. Jy maak die keuse om jou te onderwerp aan Hom, om afhanklik te leef van Hom. Hy staan geduldig vir ons en wag om te leer om op Hom staat te maak vir ons groei en vooruitgang.

Een les wat ons vandag moet vasmaak in ons harte: sonder die Here kan ons niks doen nie. As ons nie kan leer om op Jesus te vertrou om vrug te dra nie, gaan ons dit nie maak nie. Die Bybel leer ons in Psalm 127:1 dat as die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou. As ons wil groei, as ons vrug wil dra moet ons leer om op Hom staat te maak vir elke treë wat ons moet gee.

PAS DIT TOE...

Ek maak vir my bakens om te toets of ek vandag in afhanklikheid lewe.

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Gal. 2:20[NLV] “Ek leef nie meer nie, maar Christus lewe in my. Die lewe wat ek nou op aarde leef, leef ek deur geloof in die Seun van God, Hy wat sy liefde vir my bewys het deur in my plek te sterf.”

NOTAS:

_____

_____

_____

_____

Waar is ek? Week 4, Dag 3

Wetteloos

EK LEEF AFHANKLIK VAN CHRISTUS

Dit is Jesus, Sy wysheid in jou lewe, Sy geregtigheid, Sy vrug en Sy perfekte werk aan die kruis wat van jou 'n sukses maak. Met Jesus in jou, en jy in HOM kan jy nou anders lewe en oorwinning ervaar. Jy is nou sterker as wat jy ooit was. Dit word jou deel as jy besef dat jy in jouself swak is en nie in staat is om jouself te red of langtermyn te verbeter nie. Skielik word Sy krag dan 'n werklikheid in jou lewe.

1 Kor. 1:30-31 [NLV] "Dit is deur God alleen dat julle nou aan Christus Jesus behoort. Dit is deur Hom dat Jesus vir ons die wysheid van God geword het, die Een deur wie God ons vrygespreek en vir Homself geheilig en vrygekoop het. Soos die Skrif dit stel: "Die persoon wat graag wil spog, mag net spog oor wat die Here vir hom gedoen het."

Dis tyd om weer nederig afhanklik te word. Om weer te besef dat jou afhanklikheid van die Here is. Dat al die selfhelp boeke en seminare van ons soms iemand maak wat vervreem raak van God se guns in ons lewens, want as ek my eie pad wil loop staan God eenkant toe. Dalk is jy vandag nie op 'n goeie plek in jou lewe nie. Dalk het jy te onafhanklik van God geraak en jy sien raak dat jy Sy genade en hand in jou lewe misloop. Dalk voel jy 'n mislukking. Dalk loop jy jou eie paaie. My eie weë ly soms tot selfvernietiging en die skade wat ek soms al aan myself gedoen het, deur onafhanklik van Hom wat in my leef te loop, is so onnodig.

As jy jou afhanklikheid van Hom net weer besef, daagliks oefen om in en vanuit hierdie afhanklikheid te lewe sal jy weer opnuut die genade en die guns van God in jou lewe ervaar. God werk nie met trotsaards nie.

God dwing nie Sy genade en Sy leiding op ons lewens af nie. Wanneer jy wil kan jy op jou gawes, sterkte en jou wysheid staatmaak. Sy genade werk wel in diegene se lewens wat erken dat Hy wat in my is, is my bron en my sterkte. As jy dit doen sal jy ervaar dat Hy jou neem deur Sy genade na plekke waar jy nog nie was, in jou menswees.

PAS DIT TOE...
Weier om onafhanklik te lewe. Onderwerp jou besluite en rigting aan die Gees wat in jou wil werk.

WORD VERNUWE IN JOU DENKE
1 Pet. 5:5 [NLV] "God is téén dié wat te veel van hulleself dink, maar dié wat besef hoe afhanklik hulle van Hom is, aan húlle gee Hy sy genade."

NOTAS:

_____

_____

_____

_____

Waar is ek? Week 4, Dag 4

Wetteloos

SONDE IS GEWEN DEUR GENADE

Ons leef onder ‘n nuwe mag, genade is aan die werk in ons lewens en dit is besig om hierdie nuwe werklikheid dat: “ek is nie meer ‘n slaaf van sonde nie” in ons harte te graveer en ons te help om daarvolgens te lewe.

Rom. 6:14 [NLV] “Die sonde mag hoegenaamd nie oor julle heerskappy voer nie. Julle leef immers nie meer onder die verslawende mag van die wet nie, maar onder die bevrydende mag van die GENADE.”

Omdat ons nou weet dat God se GENADE glad nie veroordeel nie, en ons help om as vrygemaaktes vanuit Christus te lewe, baan dit nie die weg dat ons die pad van sonde loop nie. Sonde se mag wat die wet was, is verbreek! Die wet wat maak dat ons doen wat ons amper nie wil nie. Dit was nie die wet wat jou na Christus en Sy verlossende krag toe geroep het nie, maar GENADE! Al jou ou natuur dinge, was nie oornag weg nie, maar die LIEFDE en GENADE van God is besig om jou te transformeer. Jou gedagtegang verander van SONDAAR na die van KIND VAN GOD. So word jy deur GENADE van binne af verander en vernuwe! Nou volg die vrug wat by bekering pas in jou lewe. Jy het God se GENADE gesmaak en begin anders dink en doen! Want soos jy dink so doen jy!

Dit is Jesus wat ons deur Sy onbeskryflike GENADE die krag gee om nie meer te sondig nie. Om nie meer onder die verslawende mag van die wet te wees nie. Om onder die bevrydende mag van GENADE te begin lewe. Die fout wat die kerk vir jare gedoen het was om mense na die Here te lei, hulle te vertel van GENADE en dan weer onder die verslawende mag van die wet te plaas deur ‘n stel reëls neer te lê. Dit is Jesus wat jou sal help om die pad van GENADE met waardigheid te loop. Hy sal deur Sy GEES jou oortuig van SONDE en jy sal weet om weg te draai en die krag beleef om dit te kan doen.

PAS DIT TOE...

Let noukeurig op jou lewe dat jy nie verhouding vervang met wette nie.

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Gal. 3:24-25 [AOV] “Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof. Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder ’n tugmeester nie.”

NOTAS:

_____

_____

_____

_____

Waar is ek? Week 4, Dag 5

Wetteloos

DIE GROOTSTE WAARHEID

Kol. 1:26-27 [samestelling]"naamlik die verborgenheid (geheim, mystery) wat van die eeue en geslagte al verborge (weggesteek) was, maar nou geopenbaar is aan sy heiliges, aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle (within you and among you) , die hoop van sy heerlikheid."

Hier is die sleutel tot 'n lewe wat God tevrede stel. Mense dink dat hulle nooit by God se standaard kan uitkom nie, soos Jesus kan wees nie en hulle is reg. Daarom het God my Sy kind gemaak en my vrygespreek van my sonde. Nou woon Christus in my! Met die bewustheid is ek in staat om my lewe so oop te stel vir Hom om in my en deur my te werk dat ek VRY van die mag van sonde kan leef.

Jesus het nie gekom om ons net in die Hemel te kry nie, Hy het gekom dat ons lewe en oorvloed kan beleef en dit is alleen moontlik as ons vanuit Hom leef en wandel. Hy word my fokus! Hy word dit waarom my lewe draai en ek kan relevant in die wêreld leef met die Here wat in my is. Hy gee my deur Sy Heilige Gees die krag om die pad te loop en te wen. Dit is omdat Hy in my is dat ek hoop het op die wen!

"This mystery has been kept in the dark for a long time, but now it's out in the open. God wanted everyone to know this rich and glorious secret inside and out, regardless of their background, regardless of their religious standing. The mystery in a nutshell is just this: **CHRIST IS IN YOU**, therefore you can look forward to sharing in God's glory. It's that simple. That is the substance of our Message."

PAS DIT TOE...

Laat die teenwoordigheid van Christus IN JOU rigting gee aan jou verhouding met HOM. Dink waar jy rigting nodig het op hierdie stadium.

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Kol. 3:16 [NLV] "Laat die rykdom van alles wat Christus ons leer, julle leefstyl bepaal. Met alle wysheid moet julle mekaar onderrig en mekaar die regte pad wys. Sing met dankbare harte psalms, lofgesange en geestelike liedere tot eer van God."

NOTAS:

_____
_____
_____
_____
_____

Waar is ek? Week 4, Dag 6

Wetteloos

FOKUS, FOKUS, FOKUS

Daar is ‘n verhaal in die Ou Testament wat ons vertel van die volk Israel wat deur slange gepik was in die woestyn. Moses soek ‘n antwoord by God en God beveel hom om ‘n koperslang te maak. Elkeen wat dan gepik word moet na die slang kyk en hy sal genees word. Omdat ons nou Jesus volg beteken dit nie dat ons nie sal mis stap nie. Maar wanneer ons wel doen word dit nie ons fokus nie. Wanneer die slang van versoeking pik en ons struikel, is die geheim om dadelik jou fokus op God te plaas. Fokus op Sy verlossingswerk in en deur Jesus Christus.

Heb. 12:2 [NLV] “Kom ons hardloop met volharding op die baan wat voor ons uitgestrek lê, ons oë vasgenael op Jesus, die Voorganger en Voleinder van ons geloofswedloop.”

Hy gaan die werk in jou klaarmaak. As jy deurbrake in jou lewe wil beleef, hou op fokus op jou stryd, jou begeertes en jou tekortkominge. Niks hiervan kan vir jou sukses bewerk! Die afgehandelde werk van Jesus aan die kruis is wat die verskil maak. Dit maak dat die Ou- en Nuwe Testamentiese beelde en beloftes nou ‘n werklikheid binne ons verhouding met God kan wees! Dit moet ons geloof vorm! Dis nie nuwe testament (goeie nuus) plus wette wat dinge in jou lewe gaan verander nie! Dit is geloof in die onverdiende genade van God wat vir jou en my ‘n werklikheid is!

PAS DIT TOE...

Oefen om wanneer jy struikel dadelik na Christus te draai. Bely dat jy uit pas gegaan het en vertrou op Hom om die werk in jou af te handel.

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Rom. 3:22 [NLV] God spreek ons vry wanneer ons op Jesus vertrou om ons sonde weg te neem. Ons kan almal hierdie vryspraak ontvang, maak nie saak wie ons is of wat ons gedoen het nie.

NOTAS:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Waar is ek? Week 4, Dag 7

Wetteloos

OMDAT JESUS IN MY WOON – WOON MY BRON IN MY

Ons as mens is geneig om te dink dat die seën van die Here slegs gekoppel is aan ons suksesvolle wen van sonde en ons reg loop. Ons dink soms dis eie geregtigheid en nie die begrip dat God deur genade my vrygekoop het van die vloek van die wet. Hy het my vrygekoop sodat ek geseënd kan wees, as gevolg van Sy genade en nie afhanklik is van my werke nie.

Joh. 15:7 [AOV] "As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry."

Twee sake van belang. Eerste is dat die verbinding aan Christus die keuse van jou en my is. Ons moet daagliks kies om aan Hom verbind te bly. Aan Hom en nie ons eie werke en godsdiens wat ons soms vorm nie. Ons moet daarop staatmaak dat dit Hy is wat ons vrug bewerk het en dat dit Hy is deur wie ons lewe. [NLV] "As julle aan My verbind bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry."

Tweedens moet God se woorde in jou bly. Nie jou insig en oorlewering van godsdiens nie, want dit beroof ons van die wonderlike seëninge wat daar is in Jesus. Ons kan nie na God kom met ons eie godsdiens en verwag dat God daarop moet reageer en ons daarvolgens seën nie. Ons moenie skuiwergate in die Woord soek en skep nie.

God se voorsiening sal ons deel wees! Hy verbind Hom daartoe om vir ons as Sy geregverdigde kinders te sorg en te dra. Ons glo soms eerder die leuen van menslike insette as om te glo dat God ons wil seën en ons die begeertes van ons harte wil gee.

Efes. 1:3 [NLV] "Deur wat Christus gedoen het, het Hy ons geseën met elke geestelike seëning wat daar in die hemelsfere is."

Die sleutel is geleë in wat Christus gedoen het en nie in jou wettiese nakom van formules wat mense op jou pad gebring het nie. My seën hang beslis nie af van of ek alles regdoen nie, want as mens kan ek nie alles regdoen nie, maar die Volmaakte leef nou in my. Ek is Sy tempel en Hy stel my in staat om deur my verbondenheid aan Hom, deel te hê aan Sy hemelse seëning.

PAS DIT TOE...
Begin om raak te sien hoe God in jou lewe betrokke is deur Sy genade en dank Hom daarvoor.

WORD VERNUWE IN JOU DENKE
Efes. 1:3 [NLV] "Deur wat Christus gedoen het, het Hy ons geseën met elke geestelike seëning wat daar in die hemelsfere is."

NOTAS:

_____

_____

KLEINGROEP RIGLYNE

KLEINGROEP RIGLYN 1

(Maak gerus nota's in die kerk tydens die boodskap sodat jy na die tyd dit na jou groep toe kan vat en onthou wat gesê was.)

Waar is ek? Deel 1 – Die sonde 'issue' / probleem

INLEIDING

Dit is moeilik om 'n probleem op te los as jy nie verstaan wat verkeerd is, om mee te begin nie. Baie van ons het al probeer om die probleem met "myself" op te los. Party het al huwelike, verhoudings en selfs werke verloor as gevolg van die feit dat jy dit nie kan oplos nie. Sommige het al geld betaal om "myself" uit te sorteer. Hier is dit... Wat as die werklike probleem is, dat jy nie weet wat die probleem is nie?

VRAE VIR BESPREKING: (Probeer almal in die groep 'n geleentheid gee om te gesels)

1. Het jy al probeer om 'n slegte gewoonte te verbreek? Wat het jy gedoen? Was jy permanent suksesvol?
2. Wanneer jy 'n probleem het om op te los – groot of klein – neig jy om dit alleen te probeer of kyk jy na ander vir hulp? Hoekom het jy so strategie?
3. ***Rom. 7:15 [NLV] "Ek verstaan my eie doen en late glad nie. Wat ek graag wil doen, laat ek na, maar wat ek verafsku, juis dit doen ek."*** Hoe beleef jy hierdie spanning tussen hoe jy optree en hoe jy wil optree? Dit is 'n spanning waarvan geen mens kan wegkom nie. Wat het jy al gedoen om hierdie spanning aan te spreek tussen die twee pole?
4. Wat glo jy leef in jou? Die sonde probleem of wat? Pla dit jou? Waarom of waarom nie?
5. Dink na oor die boodskap van Sondag – het jy al die transisie gemaak na "in Christus"? Waarmee worstel jy dalk nog steeds, al het jy "in Christus" begin leef? Kan die groep jou met iets ondersteun?

HOU AAN OM DIE PAD TE STAP

As die aksie van een mens, Adam die chaos van sonde in almal kon veroorsaak, dink na oor watter heelmaking die werk van Jesus kon doen. As Adam dit kon opmors, dink na oor die voltooide werk van Jesus en hoe Hy jou volkome kan herstel. Dink na oor die volgende: noudat jy tot die regte insig kon kom, hoe kan jou lewe verander.

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Rom. 5:6 [NLV] "Ja, juis toe ons nog totaal hulpeloos was, het Christus vir ons, die goddeloses, kom sterf."

KLEINGROEP RIGLYN 2

(Maak gerus nota's in die kerk tydens die boodskap sodat jy na die tyd dit na jou groep toe kan vat en onthou wat gesê was.)

Waar is ek? Deel 2 - Nou dat jy weet

INLEIDING

Ons wil almal altyd doen wat reg is, maar soms eindig ons by die dinge wat ons nie wil doen nie. Dit lyk amper onafwendbaar. As ons nie eers altyd 100% volgens ons eie standaarde kan leef nie, hoe kan ons 100% volgens God se standaard leef? Ons kyk na God se GENADE en Jesus se krag oor sonde in ons lewens.

VRAE VIR BESPREKING: (Probeer almal in die groep 'n geleentheid gee om te gesels)

1. Het jyself of iemand in jou lewe al goeie raad geïgnoreer en duur daarvoor betaal? Hoe het jy eerstens daaroor gevoel en hoe het jy daarop gereageer?
2. Praat oor 'n situasie waar jy geweet het wat jy doen 'n slegte idee is – groot of klein. Hoekom het jy dit gedoen al het jy geweet dit was 'n slegte idee? Wat was die gevolge wat jy daarvoor gedra het?
3. Was jy al ooit kwaad vir jouself? Verduidelik waarom.
4. ***Rom. 6:1-4 [NLV]. "Beteken dit nou dat ons in die sonde moet voortlewe sodat die genade steeds oorvloediger kan word? 2 Hoegenaamd nie! Ons is immers dood vir die sonde. Dis tog onmoontlik dat ons nog langer daarin kan voortlewe! 3 Of het julle vergeet dat ons met ons doop een geword het met Christus Jesus en so saam met Hom gesterf het? 4 Deur die doop is ons saam met Hom begrawe as mense wat deel in sy dood. En nou kan ons, net soos Christus wat deur 'n heerlike magsdaad van die Vader opgewek is, ook 'n totaal nuwe lewe leef."***
5. Hoekom is dit moeilik om die waarheid dat Jesus ons vrygemaak het van die krag van sonde, uit te leef?
6. Wanneer jy fouteer het en weer dade van onafhanklikheid pleeg (sonde), neig jy om God te vermy deur nie met Hom te praat of Bybel te lees nie?
7. Wat is die een leuen in jou lewe waarmee jy nodig het om die waarheid met jouself, oor te praat? Hoe kan jou groep jou daarin ondersteun?

HOU AAN OM DIE PAD TE STAP

Toe jy 'n kind van die Here geword het was jy uit Adam uit geneem en in Christus gedoop volgens Rom. 6:4. Oorweeg dit om jouself te laat doop as jy nog nie as gelowige gedoop is nie. Wat waar was oor Adam, is waar oor jou: hy was veroordeel, skuldig, onregverdig, 'n slaaf van sonde. In Christus, wat waar is oor Christus, is waar oor jou: vry van sonde, geregverdig, vry gespreek en vry! Leef met daardie vryheid IN Christus!

KLEINGROEP RIGLYN 3

Waar is ek? Deel 3 - Om dood te bly

INLEIDING

Sonde is nie my meester nie, ek is dood vir sonde maar lewend vir God.
As ons dan dood is vir sonde en sonde nie meer ons meester is nie, hoe leef ons dit nou uit? Om as 'n slaaf van sonde te leef neem geen inisiatief van ons kant af nie. Hoe lyk dit van buite as sonde die meester is oor ons monde, of denke, ons onsekerheid en ons appetites?

VRAE VIR BESPREKING: (Probeer almal in die groep 'n geleentheid gee om te gesels)

1. Ons het verlede week gevra dat jy sal begin dink oor een leuen in jou lewe waaroor jy die waarheid met jouself moet begin praat. Hoe het jy gevaar? Wat het jy geleer oor jouself?
2. Hoe sal jy die woord "sonde" definieer?
3. Het jy al probeer om sonde in jou lewe self te oorwin? Hoe het jy gevaar?
4. Wanneer jy met sonde stoei, met watter deel van die argument loop jy saam?- Adam (hier gaan ek al weer) of Christus (sonde is nie my meester)?
5. ***Kol. 3:1-4 [NLV] "Aangesien julle saam met Christus tot 'n nuwe lewe opgewek is, streef na die dinge wat daarbo by Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. Laat julle gedagtes beheer word deur die hemelse dinge, nie deur dinge op die aarde nie. Julle het mos saam met Christus gesterf en julle lewe is saam met Hom veilig by God weggesteek. Wanneer Christus, wat julle lewe is, by sy wederkoms verskyn, sal julle ook saam met Hom in heerlikheid verskyn..."***
6. Wat dink jy het Paulus bedoel met "sonde is nie meer my meester "? Hoekom is dit moeilik om hierdie waarheid uit te leef?
7. Wat is die EEN ding wat jy hierdie week kan doen om Christus toe te laat om jou verlosser te wees en Hom toe te laat om Sy lewe deur jou te begin leef? Hoe kan die groep jou hiermee help?

HOU AAN OM DIE PAD TE STAP

Wanneer sonde kom aanklop, kom dit teen Christus in jou. Jy kan dit nie hanteer nie, maar Christus kan – nie omdat Hy meer dissipline besit as jy nie, maar omdat jou lewe in Hom is! Verklaar elke dag, sonde is nie my meester nie, neem die besluit dat sonde nie in jou gaan heers nie. Wei elke deel van jou lewe en liggaam as instrumente om die wil van God te doen.

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Rom. 6:12 [NLV] "Julle moet dus nie langer toelaat dat sonde julle aardse lewe beheer nie; moenie toegee aan sy verleidelike begeertes nie."

KLEINGROEP RIGLYN 4

Waar is ek? Deel 4 - Wetteloos

INLEIDING

Alle godsdienste wys na drie dinge: jy moet, ... jy mag nie, ... jy is gebraai. Godsdiens gaan oor die navolging van reëls, maar Jesus het iets anders in gedagte gehad. Hy roep ons om Hom te volg, nie die leering van kerke nie. Ons moet Hom eers volg, wees dan gehoorsaam.

VRAE VIR BESPREKING: (Probeer almal in die groep 'n geleentheid gee om te gesels)

1. Terwyl jy grootgeword het, was jy iemand wat reëls nagekom het of gebreek het? Wat was jou reaksie op reëls en die verhouding tussen jou en jou ouers, onderwysers en familielede?
2. Het jou familie kerk toe gegaan terwyl jy grootgeword het? Wat was jou ervaring van kerk, was dit - volg Jesus OF wees gehoorsaam aan Jesus? Hoe beïnvloed dit jou huidige siening van kerkwees?
3. Wat vind jy as uitdagend in die konsep dat Jesus meer belang stel dat jy Hom sal volg as om aan Hom gehoorsaam te wees?
4. ***Gal. 5:17 [NLV] " 'n Mens se sondige geaardheid wil dinge doen wat teen die Gees is, en die Gees wil dinge doen wat teen jou sondige geaardheid is, want hulle is mekaar se vyande. Julle kan dus nie sommer maar net alles doen wat julle wil nie."*** Hoe beleef jy die stryd tussen vlees en Gees in jou eie lewe?
5. Lyk dit vir jou moontlik om vry te lewe deur Jesus te volg? Wat kan die groep doen om jou te help om jou verhouding met God te verander vanaf slegs gehoorsaam wees na volg Jesus?

HOU AAN OM DIE PAD TE STAP

Die christelike lewe is nie 'n lewe van voorgee en na-aap dit is 'n dinamiese lewe van oordrag van Jesus se lewe in jou. By die kruis was die mag van sonde gebreek en deur Jesus te volg kan jy dit beleef. Jy is VRY gemaak! Jesus wil Sy lewe deur jou leef, na mate wat jy Sy Gees jou laat lei.

Jy moet jou nuwe identiteit aanvaar. "Embrace" hierdie nuwe verandering van lewe deur daagliks God te vra om Sy vrug deur Sy Gees in jou lewe te dra. Weier om weer te verval in 'n verhouding van reëls. Dit is nie die tipe verhouding wat God met jou wil hê nie.

WORD VERNUWE IN JOU DENKE

Joh. 15:5 [NLV] "Ek is die druiwestok, julle is die lote. Wie aan My verbonde bly en Ek aan hulle, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie."